

Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
Faks (041) 3652586
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045

Uitnemendheid begin by omgee

NUUSBRIEF 5

8 Februarie 2019

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

MEDELYE
Ons opregte meegevoel word betuig teenoor Wian Theron in graad 7D en sy familie met die heengaan van sy oumagrootjie gedurende die week. Mag hulle as familie die nabyheid van ons Hemelse Vader in hierdie tyd beleef.

SKOOLTYE
Dit is met kommer dat ons oplet hoeveel leerlinge daag laat by die skool op. Ons bevestig dat die skool om 07:45 begin en versoek u vriendelik om u kind betyds af te laai vir skool. **Kinders wat in die toekoms laat is, sal negatiewe inskrywings op hul kommunikasiekaarte kry.**

LUISE EN NETE
Kyk asseblief gereeld vir kopluise. Dit is nie die skool se verantwoordelikheid nie en dit is ‘n verleentheid vir die kinders. Ons het weer Maandag ‘n inspeksie, want dit het onder ons aandag gekom dat kopluise en nete weer ‘n probleem is. Gaan asseblief u eie kind(ers) se hare deur die naweek, om hulle die verleentheid te spaar. Daar is baie doeltreffende middels by apteke beskikbaar. Ons bedank u byvoorbaat vir u samewerking i.v.m. die “netelige” probleem.

TOELATING 2020: GRADE R – 7 (BESTAANDE OUERS)
Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die Departement van Onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u ‘n kind vir graad R of Graad 1 vir 2020 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel. Die advertensie vir 2020 verskyn volgende Vrydag, 15 Februarie 2019, in Die Burger. By voorbaat dankie vir u ondersteuning en samewerking.

AFLOSPERSONEEL
Indien daar enige gekwalifiseerde onderwysers beskikbaar is om soms uit te help (darem nie verniet nie) by die skool wanneer personeel siek is of met kursus is, moet u asseblief u inligting deurgee sodat ons u kan kontak. Laat weet asseblief vir my wat u kwalifikasies is en ook u kontaknommer. By voorbaat dankie vir u bereidwilligheid om ons by te staan.

FOTO'S: DINSDAG, 12 FEBRUARIE 2019
Die leerlinge moet boeke soos vir 'n gewone skooldag bring. Ons wil u versoek om ons te help sodat u kind korrek vir die dag geklee is. Slegs leerlinge wie korrek geklee is, sal afgeneem word. Ons vertrou u sal meehelp om 'n teleurstelling te voorkom.

Graad R: Volledige somerspeel-uniform met wit tekkies (geen ander skoeisel nie, asb.).
Grade 1 – 7: Seuns en dogters moet hul volledige somersdrag aanhê. (baadjie asb.)

Pakket-, klasfoto's en ander groepfoto's word ook geneem. Die betrokke onderwysers sal u kinders laat weet wie betrokke is. Die bestelling en betaling van dié foto's sal sodra ons die groepfoto's ontvang het, geskied.

TENNIS: OUER-EN-KIND-AANDE
Ons eerste ouer-en-kind-tennisaand het verlede Vrydag plaasgevind en was baie goed ondersteun. Baie dankie aan die paartjies wat deelgeneem het en 'n groot sukses van die geleentheid gemaak het. Ons hoop om meer ouers op die baan te sien met ons volgende tennisaand, 1 Maart.

ARBEIDSTERAPEUT: HELÉNE EHLERS
Die Afrikaanse FISH-IN-A-TREE-studiekursus word deur 'n Arbeidsterapeut, Heléne Ehlers en gekwalifiseerde onderwyseres met baie ervaring in die vorm van 'n werkswinkel vir graad 4 – 7, aangebied. Die ouer woon die kursus saam met die kind by.

Kom leer hoe om te leer! Leer ken jouself as leerder. Ontdek jou leervoorkeure en leervermoë. Die leerlinge word aan verskillende studiemetodes/geheuetegnieke, breinkaarte bekendgestel. Hulle kry genoegsaam tyd om dit prakties toe te pas. Motivering, tydsbestuur en beplanning vir eksamentyd word ook bespreek. Plekke is beperk. Skryf vroeg in om teleurstelling te voorkom. E-pos navrae en inskrywings met u kind se naam en graad na lienehlers@yahoo.com of 0828652706

Die kursus vind plaas:
DATUM: Vrydag 1 en Saterdag 2 Maart 2019
PLEK: Laerskool Newtonpark
KOSTE: R1,200 per leerling (Sluit notas en skryfbehoeftes in)

SKOOLGELDE 2019
Soos reeds aan u deurgegee, beloop die skoolgeld vir die jaar soos volg:

SKOOLGELDE: GRAAD 1 – 7			
	PER JAAR	**10 MNDE**	**11 MNDE**
Eerste kind	R13 600	R 1 360	R 1 237
Tweede kind	R12 400	R 1 240	R 1 128
Derde kind	R 8 600	R 860	R 782
GRAAD R: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR			
Graad R (Maandeliks vooruit)	R13 600	R 1 360	R 1 237
NASORG: VRYWILLIGE PROGRAM: KWARTAALLIKS VOORUIT BETAALBAAR			

	PER JAAR	**PER KWARTAAL**	***MUSIEK: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR***	
13:00/13:30 – 14:00	R 4 500	R 1 125	***PERIODE(S) P/W***	***PER MAAND (10 MNDE)***
14:00 – 17:30	R 6 680	R 1 670	*1*	*R 180*
13:00/13:30 – 17:30	R 7 800	R 1 950	*2*	*R 280*
			3	*R 410*

BANKBESONDERHEDE:

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: maandelikse debietorder oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2019. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissie rekening ingestel word.) Indien u kontant wil betaal kan u by Mev. Laas of direk in ons bankrekening betaal.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar; en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 28 Februarie 2019 sal 'n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2019 'n 5% korting.

AANSOEK OM VERLIGTING VAN SKOOLGELDE
Indien u om verligting van skoolgelde wil aansoek doen, moet u die nodige vorms by Mev. Laas afhaal en **voor of op 28 Februarie 2019**, vir oorweging deur die beheerliggaam, by haar inhandig. Die vorm moét van die nodige dokumentasie (o.a. bewys van inkomste) vergesel wees.

Geen vrystellings wat in 2018 toegestaan is, word na 2019 oorgedra nie.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

JJ. Pienaar
SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 08469353

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende **datums moet u asseblief op u kalender aanteken:**

Ma – 11 Februarie :
Klerewinkel: ***07:30-12:00***
Kuns: graad R – 2 ***13:30-14:30***
Kuns: graad 3 ***14:00-15:00***
Kuns: graad 4 – 7 ***14:15 – 15:00***
Krieket 0/11A teen Verkenner (t)
Krieket 0/13B: BYE

Di – 12 Februarie :
Kuns: graad R – 2 ***13:30-14:30***
Kuns: graad 3 ***14:00-15:00***
Kuns: graad 4 – 7 ***14:15 – 15:00***
Pakket- en klasfoto's word vandag geneem
Krieket 0/11 B teen St Georges (t)
Mini-Krieket 0/9 teen VP Grey (t)
Tennis snr seuns A-span teen Charlo(t)
Tennis snr seuns B-span teen Bay Home School A (Westview)
Tennis snr seuns C-span teen Blouwaterbaai(w)
Tennis jnr seuns A-span: BYE
Tennis jnr seuns B-span teen Clarendon Park A (w)

Wo – 13 Februarie :
Klerewinkel: ***12:00-14:30***
Krieket 0/13A teen Charlo (t)

Do – 14 Februarie :
VALENTYNSDAG (gewone klere)
Krieket 0/11A teen Muir (w)
Tennis jnr. dogters A-span teen Sunridge A (t)
Dance Kids-ballet gr. R: **13:15**

Vr – 15 Februarie :
Klerewinkel: ***07:30-12:00***
Drama: ***Graad R – 2: 12:45 – 13:30***
Drama: ***Graad 3 – 7: 12:45 – 13:45***
Eko-Newtons

Sat – 16 Februarie :
Atletiek: Metro Laerskole (Oval)
Swem: b-ouderdom groepgala by Newtonpark swembad

SPORT & KULTUUR

KRIEKET

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
5 Februarie	O/9 (Mini-krieket)	Dr. Viljoen	A-span: LNP wen 19 – 6 B-span: LNP wen
6 Februarie	0/13A	Gelvan Hub	2-Dag wedstryd (2de dag se spel) Gelvan teken 155 vir 4 aan in 22 boulbeurte LNP teken 176 vir 4 aan in 29 boulbeurte Divan Els teken 43 lopies aan Reinhardt Welman teken 73 nie uit nie aan LNP wen op 1ste beurt telling
6 Februarie	0/11B	Super Slammers	Super Slammers teken 149 vir 2 paaltjies aan LNP teken net 23 vir 10 paaltjies aan LNP verloor met 126 lopies

TENNIS

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
5 Februarie	Snr. Seuns A	St. Georges	LNP wen met 9 potte
5 Februarie	Snr. Seuns & Dogters B	Herbert Hurd B	LNP wen met 9 potte
5 Februarie	Snr. Seuns C	Herbert Hurd C	LNP verloor met 18 potte
5 Februarie	Jnr. Seuns A	Summerwood	LNP wen met 6 potte
7 Februarie	Jnr. Dogters A	Clarendon Park	LNP verloor met 8 potte

RESULTATE VAN DIE TOP-3 ATLETE IN ELKE ITEM BY ATTIE VAN WYK (2 Februarie 2019)

NAAM	ITEM	OUDERDOMSGROEP	TYD / AFSTAND	PLEK
Emma Cloete	60m	0/8	10:72 s	3de
Christopher Jordaan	60m	0/8	09:90 s	2de
Christopher Jordaan	80m	0/8	12:78 s	1ste
Lincoln Kunneke	Gewigstoot	0/10	8,00 m (nuwe rekord)	1ste
Lincoln Kunneke	Hoogspring	0/10	1, 09 m	1ste
Reece von Loggenburg	Gewigstoot	0/10	3,05 m	3de
Zavier Petrus	70m hekkies	0/10	16:44 s	3de
Minke van der Merwe	70m hekkies	0/10	16:28 s	3de
Minke van der Merwe	Verspring	0/10	3,63 m	2de
Mikayla van den Berg	Hoogspring	0/10	1, 01 m	2de
Jano Janse van Vuuren	80m	0/10	12:19 s	1ste
Jano Janse van Vuuren	Verspring	0/10	3,61 m	1ste
Janke-Mari Vermaak	Gewigstoot	0/10	5, 28 m	3de
Aneska Ferreira	Verspring	0/11	3,51 m	1ste
Aneska Ferreira	Gewigstoot	0/11	6,89 m	1ste
Aneska Ferreira	70m Hekkies	0/11	15:57 s	1ste
Davonsha Miles	Hoogspring	0/11	1,05 m	2de
Wikus Greeff	Gewigstoot	0/11	7, 79 m	3de
Nico Barkhuysen	Gewigstoot	0/12	8, 42 m	2de
Jéan Kolesky	800m	0/13	2: 45,66	3de
Chloë Erasmus	Gewigstoot	0/13	9, 88 m (nuwe rekord)	1ste
JD Bigge	Gewigstoot	0/13	8, 8 m	1ste
Juwan Wium	Hoogspring	0/13	1, 40 m	1ste

SWEM

B-Gala – 26 Januarie 2019				
NAAM	**OUDERDOMSGROEP**	**AFSTAND**	**SLAG**	**POSISIE**
Annike Kühn	Meisies 0/12	50m	Vlinderslag	6de
		50m	Rugslag	7de
		50m	Vryslag	2de
		50m	Borsslag	3de
Juwan Wium	Seuns 0/12	50m	Vlinderslag	1ste
		50m	Rugslag	1ste
		50m	Vryslag	3de
		50m	Borsslag	2de
		100m	Vryslag	2de
		100m	Rugslag	1ste
Matthys Potgieter	Seuns 0/10	50m	Rugslag	8ste
		50m	Borsslag	13de

Toffee-Gala – Januarie 2019				
NAAM	**OUDERDOMSGROEP**	**AFSTAND**	**SLAG**	**POSISIE**
Jaco Jacobs (gr. 3)	8 jaar	25m 25m	Vryslag Rugslag	1ste 2de

Baie geluk!

SA Skole Week IPT 2019 – OP Tennis
Baie geluk aan ***Jason Nell*** (graad7E) wat gekies is vir die OP 0/13 tennis span wat gaan deelneem aan die SA Skole week in Bloemfontein gedurende die Maart vakansie.

South Africa Championships Performing Arts – SACOPA
Baie geluk aan Me-Jean du Preez (graad 5), Tiaan Riekert (graad 5) en Miane Strydom (graad 4) wie hierdie naweek, 2 Februarie, gekies is om hul provinsie by die Suid Afrikaanse Kampioenskappe vir Uitvoerende Kunste in Rustenburg te verteenwoordig. Me-Jean is ook gekies as die beste junior deelnemer.

Baie geluk!

Me-Jean du Preez (Gr. 5), Tiaan Riekert (Gr. 5) en Miane Strydom (Gr. 4) by die twee wêreldkampioene Chace Collett en Ashley Behrens